



# KAMMANUUS

Nommer 326

9 April 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## Die storie van die voël en die bra

**J**ulle sal onthou ek het gevra vir pittige bydraes uit die slaapkwartiere. Julle sal ook onthou ek het gemaak om die onderwerp onder 18 te hou. Vertrou nou vir Juleen daar in die Kaap in om haar storie só te begin:

"Met die voël in die vertrek staan ek en klere opvou toe 'n bra op die grond land." Nirsie! Sies vir jou, dink ek dadelik. Ruk sommer met die intrap die hoender se eierlêgaatjie uit! Toe kom ek agter dis eintlik die papegaai s'n. Jammer Nirsie, jy's onskuldig. Jy wou eintlik net vertel het van daai oulike African Grey van jou.

Kom ek begin voor. Ek wou al lankal skryf oor die papegaai sey dinge. Juleen du Toit is as verpleegster opgelei en het onder meer in Groote Schuur gewerk toe dit nog 'n 'groot' hospitaal was. Sy het destyds ook vir Kammanuus 'n hele reeks geskryf oor haar somtyds komiese ervarings gedurende daardie tydperk in haar lewe.

Deesdae is Juleen heeltyds met 'n heel ander en fassinerende aksie besig waar sy haar ses honde aanwend as terapie vir "beskadigde en bejaarde mense". Meer hieroor in 'n later uitgawe. Gaan kyk solank na hulle webwerf by [www.pawpals.co.za](http://www.pawpals.co.za).

Nirsie, soos ek haar noem, het al vir my verskeie stories gestuur van hierdie slim en pratende papegaai van haar. Wat my kielie is veral die voël se duidelike vermoë om so sinvol en gevat te reageer op 'n situasie.

En nou, terug by die bra wat op die grond geval het.

### Juleen vertel verder:

"Dipper, een van ses honde in die huis, gryp dit en hol met die ding! Sonder om te dink, skree ek vir hom, 'Nee man magtig, waar gaan jy met my bra? Gee die ding hier!' As **dit** nou nie onnadenkend was nie, weet ek nie so lekker nie. Sien, alles wat Dipper aanvang, word fyn gemonitor deur die kraalories, so ek kan maar net **weet** dit gaan my in die gat kom hap op die mees ongeleë tyd!

"Dis asof die papegaai meer praat vandat die nuwe hond hier is - hy roep en koer gedurig vir hom om te kom, dan sit hy op die lae stokkie in die hok en wag dat Dipper sy neus teen die tralies druk en dan 'soen' die twee mekaar.

"Met rugby kyk, as die skeidsregter sy fluitjie blaas, dan vra hy so ewe ontsteld: 'Njaaaaaaaaw what?' Dis mos wat ek die een Saterdag gevra het toe ons teen die Chiefs gespeel het en die fluitjie geblaas het in die middel van 'n beweging wat net lekker begin vloei het!

"Die oomblik wat hy Schalk Burger se naam hoor, dan vra hy: 'Wie's die beste nommer 6 flank in die wêreld? Weet jy nog? Schalk Burrrrrrgerrrrrrr nè?'

"Wag, die voël kla reeds nou sy lekker pitte is op en hy gaan vrrrrrrrrrek van die honger, so ek beter seker gou gaan pitte koop voor dié ramp my tref."

Nou ja Juleen, kom ons hou duim vas jou omkoop pitte werk en jy en die voël behou 'n goeie verstandhouding anders kan dinge maar 'bra' verkeerd verloop wanneer die predikant weer kom vir huisbesoek.

### Apps, of toeps:

Dis nou mos deesdae die inding - Apps. Ek hoor die Afrikaanse radiostasie, RSG, praat van "toeps". Vir ouens wat nie weet wat "toeps" is nie, dit is klein programmetjies wat op die heel nuutste slimfone en goed soos die Samsung Galaxy en vele ander tabletrekenaars afgelaai kan word. Sulke slimfone en rekenaar-tablette moet egter van die Android-bedryfstelsel gebruik maak. Daar is letterlik derduisende van die programmetjies beskikbaar. 'n Soektog na van die programmetjies wat in Afrikaans beskikbaar is, was vrugtelos.

Daar en net dan besluit Danie van [www.egafrikaans.co.za](http://www.egafrikaans.co.za) dat iets aan die saak gedoen moet word en drie toeps is nou in Afrikaans beskikbaar - *Afrikaanse humor 1*, *Afrikaanse humor 2* en *Aftree op 60*. Indien jy so 'n rekenaar-tablet het, doen gerus 'n soektog na die genoemde toeps en laat weet wat jy daarvan dink.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**



# Om die kampvuur

## KWINKSLAE



### STEVEN WRIGHT

is 'n Amerikaanse komediant, akteur en skrywer. Hy is bekend vir sy trae manier van praat en uitdrukkinglose kwytraak van ironiese, filosofiese en soms onsinnige grappe.

- As alles jou kant toe kom, is jy in die verkeerde baan.
- Om van een mens te steel, is plagiaat. Om van baie mense te steel, is navorsing.
- Die probleem met 'n gene-poel is dat daar geen mense-redder is nie.
- Hoe gouer jy agter raak, hoe meer tyd het jy om in te haal.
- Almal het fotografiese geheues; party het net nie film nie.

## Raaisel

Jy is op 'n perd wat teen 'n konstante spoed hardloop.

Regs van jou is dit regaf, links van jou hardloop 'n olifant teen die dieselfde spoed as jou perd.

Reg voor jou is 'n galoppende kangaroo en jou perd kan hom nie verbysteek nie.

Agter jou is 'n leeu wat teen dieselfde spoed as jou perd hardloop.

Wat moet jy doen om uit hierdie uiters gevaarlike situasie te ontsnap?

**\*Antwoord in Giggels op bladsy 4.**

## Kalorieë

Daai klein goedjies in jou klerekas woon wat elke nag jou klere stywer vaswerk.

## SMS van die week

Julius Malema gaan in 2018 hoof van die vloot wees. In sy eerste operasie gaan hy Botswana met 'n duikboot inval.

## WOORDE met twee BETEKENISSE

### 1. WATSENAAMS

Vroulik..... Enigiets onder 'n kar se enjinkap.

Manlik..... Die ding waarmee 'n bra vasgemaak word.

### 2. KWESBAAR

Vroulik.... As jy jouself emosioneel teenoor iemand anders openbaar.

Manlik... As jy krieket speel sonder 'n boks.

### 3. KOMMUNIKASIE

Vroulik... Om onvoorwaardelik jou gevoelens met jou metgesel te deel.

Manlik... 'n Nota op die yskas voordat jy uitgaan saam met die boys.

### 4. VERBINTENIS

Vroulik.... 'n Behoeftige om te trou en 'n gesin te hê.

Manlik ..... Om nie by ander meisies aan te lê op 'n afspraak nie.

### 5. VERMAAK

Vroulik.... 'n Goeie flik, konsert, opvoering of boek.

Manlik..... Enigiets wat 'n mens kan doen met 'n blik of 'n glas in die een hand.

### 6. FLATULENSIE

Vroulik.... 'n Embarrasserende newe-effek van slegte spysvertering.

Manlik..... 'n Onreindige bron van vermaak, veral gedurende 'n bindingsessie.

### 7. AFSTANDBEHEER

Vroulik .... 'n Toestel om na 'n ander TV-kanaal te verander.

Manlik ..... 'n Toestel om in 5 minute deur 85 TV-kanale te draf.

### 8. VOORUITBEPLANNING

Vroulik .... Haal die wasgoed af voordat dit begin reën.

Manlik ..... Koop twee kaste bier voor die langnaweek begin.



## Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

### 'Domste skelm' loop homself vas

'N OOS-LONDENSE dief is as "die onnoselste en domste" skelm beskryf nadat hy teruggekeer het na die huis wat hy beroof het terwyl hy geklee was in van die klere wat hy gesteel het.

Hy het glo teruggekeer om tuinwerk te vra by die mense wat hy besteel het. Tot die huisbaas se verbasing was hy geklee in sy skoen, sy broek en 'n bloese van sy vriendin.

Die eienaar het dadelik na die agtertuin gegaan en gesien daar is by die stoorkamer ingebreek. Hulle was besig om te trek en het van hul besittings tydelik daar gebêre. "Ek kan nie glo hy was so vermetel nie. Ek het hom toe aangehou en die polisie gebel, wat eers 45 minute later opgedaag het.

Hy het toe boonop ontsnap, maar is later deur sekerheidswagte aangekeer.

### Hitler ontstel die Jode wêér

'N TURKSE sjampoe-advertensie met Adolf Hitler het woede by Joodse groepe oor die wêreld heen ontketen, en daar is geëis dat dit onmiddellik onttrek moet word.

Die 12 sekonde advertensie van Biomen-sjampoe toon 'n opgewerkte Hitler besig met 'n vurige toespraak.

Sy dialoog is verander sodat hy mans aanspoor om hierdie "100% manlike sjampoe" te gebruik.

"As jy nie in 'n vrou se rok geklee is nie, moet jy ook nie haar sjampoe gebruik

nie," bulder die diktator en eertydse heerser oor die Duitse Ryk. Joodse groepe in Turkye het die advertensie-maatskappy gevra om dit dadelik van die lug te haal.

In die VSA het die Amerikaanse Anti-Lasterliga, wat anti-Semitisme beveg, gesê hy is gewalg.

"Dit is 'n belediging vir die nagedagtenis van almal wat in die volksmoord gesterf het, dié wat oorleef het en dié wat geveg het om die Nazi's te verslaan," het die liga gesê.

### ANC-LP loop met 'soustrog' weg

KOMITEEVERGADERINGS in die parlement raak so warm dat minstens een LP 'n sak vol koeldrank nodig het om deur die dag te kom.

Me. Pamela Daniels, ANC-LP en lid van die gesamentlike komitee op verdediging het, nadat 'n vergadering van dié komitee beëindig is, haar hande omhoog gelig en hardop gegil: "Ek is mal oor demokrasie!"

Daniels het toe 'n plastiek-inkopiesak uitgehaal en haarself gehelp aan die koeldranke wat deur die parlement vir die komitee verskaf is.

Sy het deurentyd hardop gegil: "Demokrasie deur die mense vir die mense!", terwyl sy voortgegaan het om die plastieksak vol te laai met Appletiser- en Grapetiser-koeldranke.

Dié koeldrank, tesame met gebottelde water, word vir elke komiteevergadering voorsien deur die parlement.

Daar was voorsiening gemaak vir nagenoeg 50 mense wat die vergadering sou bywoon.

Daniels het daarna 'n (parlementêre) bordjie vol toebroodjies gelaai, dit toegevou met kleefplastiek wat sy ook byderhand gehad het en gesê: "Middagete is nou uitgesorteer."

Hiema het Daniels na die hysbak geloop.

Die plastieksak vol koeldrank was egter so swaar, sy moes die hulp van 'n kollega vra wat toe vir haar die sak koeldrank verder aangedra het.

Daniels is gisteraand gevra of sy dink haar gedrag is betaamlik vir 'n lid van die parlement.

"As die komitee verby is en die goed lê daar, hoekom moet ek dit los?"

•Sy glo duidelik nie dat dit dalk aan die arm skoonmakers en arbeiders uitgedeel kan word, of vir die volgende vergadering gebruik kan word nie.

### KENNISGEWING IN 'N KROEG:

Dié van julle wat drink om te vergeet – betaal asseblief vooruit.



# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## WEES RUSTIG

Gert en sy vrou was 30 jaar getroud en ná 'n skielike siekte lê hy op sy sterfbed.

Sy vrou sit by hom.

Hy kyk swak op en prewel hy het iets om te bieg.

Sy fluister terug, "Dis nie nodig nie."

"Ja, maar dit is," sê hy swakweg.

"Ek wil in vrede sterf.

Ek het by jou beste vriendin geslaap en by haar vriendin. En by jou ma."

"Ek weet," antwoord sy.

"Wees jy nou net rustig en laat die gif sy werk doen."



## BOSBERAAD

### VROUE IS TOPS!

Jy weet, as mans te veel drink en dronk word dan praat hulle baie twak, raak vreeslik emosioneel, bestuur sleg, soek oral moeilikheid en wil net baklei.

Ek haal my hoed af vir vroue: Hulle kry dit reg sônder om te drink!

(Van Johan Mostert)

## DIE SOLDAAT SE FOUT

Die trein was stampvol en die Amerikaanse soldaat het loop en soek vir 'n sitplek. Al oop een was beset deur 'n middeljarige Franse vrou se poedel.

Die oorlogmoë soldaat vra: "Madame, mag ek daardie sitplek kry?"

Die Franse vrou het net gesnuif, en vir niemand in die besonder nie vertel hoe onbeskof Amerikaners is.

Die soldaat het verder gesoek, sonder sukses.

"Asseblief, madame, ek is baie moeg. Ek wil graag sit."

Die vrou het net gesnork.

"Amerkaners is nie net onbeskof nie, hulle is nog arrogant ook."

Hierdie keer het die soldaat niks gesê nie, en net die hondjie opgetel, by die treinvenster uitgesmyt en gaan sit.

Die Franse vrou het gegil: "Iemand moet my eer beskerm! Hierdie Amerikaner moet reggesien word!"

'n Britse heer wat daar naby gesit het, het van hom laat hoor.

"Meneer, julle Amerikaners het die manier om die verkeerde ding te doen. Julle hou die vurk in die verkeerde hand en ry aan die verkeerde kant van die pad. En so pas het jy ook die verkeerde teef by die venster uitgegooi."

## Antwoord op bladsy 2 se raaisel:

Klim met jou dronk lyf van die mallemeule af.

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



# Die storie van die SUINIGE PROKUREUR



Die Heilsleër het ontdek dat hy nooit in donasie van die stad se suksesvolste prokureur gekry het nie.

'n Vrywilliger maak toe 'n afspraak om die man in sy luukse kantoor te besoek.

"Ons navorsing toon dat al verdien jy miljoene per jaar. Het jy nog nooit 'n sent vir welsyn gegee nie. Wil jy nie graag die Heilsleër gebruik om iets in jou gemeenskap terug te ploeg nie?"

Die prokureur het 'n rukkie gedink, en sê: "Eerstens, toon jou navorsing ook dat my ma besig is om ná 'n lang siekbed te sterf en mediese rekeninge het wat sy nie kan betaal nie?"

Verleë sê die Heilsleër-man: "Uhm . . . nee, ek het nie geweet nie . . ."

"Tweedens," sê die prokureur, "het dit ook getoon dat my broer 'n blinde veteraan is wat aan sy rolstoel gekluister is en nie sy vrou en ses kinders kan onderhou nie?"

Die verslae Heilsleër man begin om 'n verskoning te stamel, maar word wreed onderbreek.

"Derdens," sê die prokureur, "weet julle dat my swaer in 'n motorongeluk dood is? Dat hy haar pennieloos agtergelaat het, met 'n verband wat afbetaal moet word en drie kinders, van wie een gebreklik is en ten duurste privaatonderrig moet kry?"

Die Heilsleër-man het soos 'n swaap gevoel.

"Jammer, ek het niks hiervan geweet nie," hakkelt hy verleë.

Toe sê die prokureur: "So as ek vir hulle geen sent gegee het nie, wat de donner laat jou dink ek sal vir jǒu geld gee?"

## Waarom

# MANS

## nie adviesrubrieke moet skryf nie

### Liewe John

Ek hoop jy kan my help. Ek het nou die dag my man voor die TV gelos en werk toe gery. My kar het gestaak. Ek kon hom glad nie weer aan die gang kry nie en moes 3 km huis toe loop.

Toe ek tuis kom, kon ek my oë nie glo nie! My man was in ons slaapkamer in die bed met die bure se dogter!

Ek is 32, my man 34 en die bure se dogter is 19. Ons is al 10 jaar lank getroud.

Toe ek hom konfronteer het hy met die hele sak patats uitgekóm: Hulle het al die laaste ses maande 'n verhouding.

Hy wil nie vir bereading gaan nie en ek het dringend raad nodig. Kan jy asseblief help?

Die uwe

Sheila

### Liewe Sheila

'n Kar wat ná 'n kort afstand gaan staan, kan weens 'n verskeidenheid enjinfoute wees. Begin deur te kyk of daar nie vuiligheid in die petrolkabeltjie is nie. As hy skoon is, moet jy die vakuumpypies en slangetjies op die inlaat ná die verdeelpyp en die grondrade toets.

As niks hiervan help nie, kan dit wees dat die petrolpompie self stukkend is, wat lae aflaidruk na die ontsteker veroorsaak.

Ek hoop dit help.

John



## Deel 16

# Ondangwa se spook van naby



**DIRK BOSHOFF**

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog verder van die soldate se ondervinding met die spook.

### VERLEDE KEER:

Ek het dadelik die *Stille Nag*-liedjie se fluit erken. Die eerste reëltjie word oor en oor herhaal, saggies. Ek het my ore gespits gehou, seker gemaak die briesie suis nie in my ore nie. Ek het geweet ek's nie bossies nie, ek hóór die gefluit.

Toe kom die spook uitgesweef na Kaas toe, tot so vier, vyf meter van hom af . . .

### LEES NOU VERDER:

Ek kon hom duidelik sien. Sy silhoeët, die vorm van sy neus en die res van sy gesig. Hy was amper 2 meter lank. Hy "stap" soos 'n mens maar sweef in die lug. Ek kon hom van sy kuite af boontoe sien, net nie sy voete nie.

Sy kleur was 'n ligte fosfor-groen. Ek kon deur hom kyk en bv. die bome, bomskuiling, ensovoorts, agter hom sien. Dit is soos glas waardeur jy kyk, maar in hierdie geval kyk jy deur 'n bewegende wese/spook/gedaante wat presies soos 'n lang man lyk.

Die nuweling wat ook die spook gesien het, het opgespring en begin weghardloop. Die spook het sy kop na ons kant toe gedraai en na ons gekyk. Hy't omgedraai en teruggesweef na die bomskuiling. Toe hardloop ons ook weg.

Die korporaals het ewe verwaand op ons geskreeu en gevra wat raas ons so. Ons het hulle vertel wat gebeur het en wou hulle dit ook sien. Hulle het Kaas gevra om vir die derde keer spook uit te roep.

Dit het ten minste 5 minute geneem om Kaas te oortuig om vir die laaste keer die spook uit te roep. Ons was nou 13 persone onder die boom. Die boom was so 15 meter skuins van die bomskuiling.

Kaas het weer in lyn met die bomskuiling gestaan en die spook uitgeroep. Ons was so paar ouens wat op ons hurke gesit het. Ander het gestaan. Weer het Kaas die spook uitgeroep. Weer het ons die sagte gefluit van die spook gehoor: *Stille Nag*, *Heilige Nag* - net die eerste reëltjie, oor en oor.

**Dit is soos glas waardeur jy kyk – jy kyk deur 'n bewegende wese wat presies soos 'n lang man lyk.**

Ek het geweet dat wat ek sien en hoor is waar. Die spook het weer tot so 4-5 meter van Kaas gaan stil staan. Hy het nog twee meter nader aan Kaas gesweef. Dit is die naaste wat ons die spook aan Kaas gesien het. Ek het altyd gewonder hoe dit vir hom gelyk het, so naby.

Die spook het vir die eerste keer ophou fluit. Omdat ons meer mense onder die boom was het ek moed bymekaargeskraap en vir die spook gesê ons wil met hom praat. Net daarna het van die soldate begin skreeu en weggehardloop. Die spook het weer na ons rigting "gestaar", omgedraai en teruggesweef na die bomskuiling. Ek was seker hy sou kommunikeer. Hy wou ons nie leed aandoen nie, anders sou hy dit al lankal gedoen het.

Ek kon nie daardie aand slaap nie. Kop onder die kombes.

Dit het die heeltid gevoel of die spook na ons kwartiere gaan kom. Ek was bang ek hoor die *Stille Nag*-gefluit. Ek weet nie hoe ek aan die slaap geraak het nie, maar dit was eers in die laat oggendure voor ons moes opstaan vir ons skof dat ek wakker geword het. Ek kon nie eers in die dag in die bomskuiling gaan nie, net die wete dat hy daarin is of was het krielinge langs my ruggraat afgejaag.

Ek het altyd gewonder wat hom gepla het. Dit was 'n maand voor Kersfees. Dit klink of voel dat hy (man/soldaat) dalk voor Kersfees daar dood is en vir een of ander rede nie rus kon vind nie.

Ek het my verhaal aan min mense vertel. Hulle dink jy praat nonsens. Ek het voor daardie insident ook so gedink.

Ek het my Skepper gevra om my oë toe te maak vir sulke dinge ná daardie dag. Ek weet dit bestaan, maar verstaan net nie hoe dit werk nie. Daar's geen vaste liggaam nie, net 'n swewende persoon.

Onverklaarbaar vir my.



# As jy grense oorsteek

- As jy Noord-Korea se grens onwettig oorsteek, kry jy 12 jaar hardepad.
- As jy Iran se grens onwettig oorsteek, kan jy onbepaald aangehou word.
- Afganistan se grens: Jy word geskiet.
- Saoedi-Arabië: Tronkstraf.
- China se grens: Niemand gaan dalk ooit weer van jou hoor nie.
- Venezuela se grens: Jy sal as 'n spioen gebrandmerk word en jou lot sal beseël wees.
- Kuba se grens: Hulle gooi jou in 'n politieke tronk, waar jy verrot.

## MAAR

as jy Suid-Afrika se grens onwettig oorsteek, kry jy:

- Werk
- 'n Rybewys
- 'n Welsynstoelae
- Kredietkaart
- 'n Gesubsieerde lening vir 'n huis
- Gratis onderwys en gesondheidsorg

## DIE ANDER VOORDELE SLUIT IN:

- 'n Wapen van jou keuse

## EN IN SUID-AFRIKA KAN JY:

- Moor
- Dwelms gebruik
- Dronk bestuur
- Steel en verkrag.



MOET NET NIE IN 'N OPENBARE  
PLEK ROOK NIE –  
DIS STRENG VERBODE.

# Is jy ouer as stof?

**Tel dié wat jy onthou - nie dié waarvan jy net gehoor het nie. Jou punte is onderaan:**

1. Lekkergoedsigarette
2. Kafees met 'n blêrkas waar jy geld ingooi om musiek te luister.
3. Tuisaflewering van melk in bottels.
4. Partylyne op die telefoon, handsentrales.
5. 'n Nuusrolprent (African Mirror of SA Spieël) voor die hoofprent.
6. Die volkslied en TV-toetspatroon as die twee kanale vir die nag sluit.
7. Pea shooters.
8. 78 rpm en 45 rpm vinielplate.
9. Karre sonder rigtingwysers, met die ligte se doofknoppie op die vloer.
10. Hoëtroustelle.
11. Blou flitsliggies vir kameras.
12. Proggeweertjies.
13. 'n Radiostel met so 'n groen oog in 'n houtkas,.
14. Wasmasjiene met rollers wat die klere uitdroog as jy die slinger draai.

## Hoeveel onthou jy?

**0-3** - Jy het nog melkbaard.

**3-6** - Jy word ouer.

**7-10** - Moenie sê hoe oud jy is nie!

**11-14** - Jy is stokhoringoud!



**Blêrkas.**



# Só maak mens!

## Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

### BOBOTIE

(Ingestuur deur Sienie.)

500 gram maalvleis	2 snye brood geweek in ½ koppie melk
¼ pakkie fyn spek	1 ui gekap
Handvol rosyne	1 teelepel kerrie
1 e appelkooskonfyt	1 piesang
1 appel in blokkies	½ pakkie sampioensop - droog
1 koekie vleisaftreksel	2 eiers
1 koppie melk	

Braai uie, vleis en spek in pan met 'n bietjie olie tot bruin. Druk brood in vleismengsel, gooi die res van die bestandele by. Roer tot rooi van vleis weg is. Skep in gesmeerde bak. Meng eiers met melk en gooi bo-oor. Bak ± 30 minute tot mooi bruin bo en gestol.

### GEBAKTE VLA

4 k meel	4-6 eiers
6 e suiker	¼ t sout
½ t vanielje	neutmuskaat.

(Vir een bak gebruik 6 eiers, vir individuele koppies gebruik 4)

Verhit melk tot net onder kookpunt.

Klits eiers effens en voeg suiker, sout en geursel by.

Voeg warm melk hierby en roer totdat die suiker opgelos het.

Giet deur 'n sif in gesmeerde koppies of in een groot gesmeerde bakskottel.

Rasper neutmuskaat oor.

Plaas in 'n bak of pan met warm water (Bainmarie) en bak in matige oond 350 grade F net tot mengsel gestol het.

Toets in middel met mes - as dit skoon uitkom, is dit gaar.

## STAMBOOM

### BRIEDENHANN [rbstellenbosch@gmail.com](mailto:rbstellenbosch@gmail.com)

Frederik Johannes Briedenhann was getroud met Barbara Agnes Hayes (onderwyseres vanaf Ierland) Jacobus Johannes Briedenhann (1917-10-15), het broers en suster Michael, Magdalena (getroud Greeff), Jane (getroud Greeff) Frederik en nog 2 ander gehad.

### CRONJE [ronlyn.pratt@gmail.com](mailto:ronlyn.pratt@gmail.com)

Johannes Hendrik Cronje, \*1861 veldkornet en seun van Genrl Pieter Arnoldus Cronje.

### ETSEBETH [pm.dutoit@yahoo.com](mailto:pm.dutoit@yahoo.com)

Ek sal graag wil weet waar die etsebeth's oorspronklik vandaan kom en wanneer hulle in Suid-Afrika gearriveer.

### FOURIE [caringaybba@telkomsa.net](mailto:caringaybba@telkomsa.net)

Ek het jare gelede 'n vriendin gehad, Cornelia Fourie, sy was 'n tweeling.

Ons het haar suster Liz genome. Hulle was oorspronklik vanaf Middelburg. Ek is opsoek na Cornelia se kontak besonderhede. Kan iemand my groot asseblief help.

### HUDSON [Juliana18@mweb.co.za](mailto:Juliana18@mweb.co.za)

Johanna Hendrina Kasselmann gebore Hudson op 26 November 1949. Jammer dis al wat ek het. Ek probeer om res van die familie op te spoor.

### KOTZE [jrstrydom@bigpond.com](mailto:jrstrydom@bigpond.com)

Ek is op soek na die voorouers van Dirk Jacobus Gerhardus Stephanus Kotze, gebore 2/8/1863 en oorlede op 17/8/1941. Hy was getroud gewees met Martha Catharina Joagomina Venter. Haar geboorte datum was 23/10/1867 en sterfte datum was 23/10/1949. Dirk se ouers kan moontlik Johannes Martin Abraham Kotzee wees en moeder Andries Siena Stephina Katharina Susanna Coetzee. Enige inligting sal baie waardeer word.

### LINDEQUE [johan.lindeque@dcs.gov.za](mailto:johan.lindeque@dcs.gov.za)

Pa Renier Michael Lindeque. Machadadorp Mpumalangebore 1927/09/08 gesterwe 1987/05/04 te Brakpan Gauteng

### MATTHEUS [hennie.rianda@telkomsa.net](mailto:hennie.rianda@telkomsa.net)

### NORTJE [mwmnn@mweb.co.za](mailto:mwmnn@mweb.co.za)

Ek is op soek na my nasate. My pa was Johannes George Van Der Watt Nortje. Hy en sy 5 broers en 3 susters het naby Piet Plessis en Vryburg groot geword

**NOG INSKRYWINGS OP BLADSY 10**







# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

### Tant Katrien se hormone

"Waar en wanneer die tannie die tattoe laat opsit het, weet die oom nie, maar hy was darem by met die naeltjering."

**Skrywer anoniem**

**D**is vroegoggend in die kafee en oom Vollie van Niekerk en sy vrou, tannie Katrien, stap in vir hul weeklikse aankope wat moet saamgaan plaas toe. Sommer met die inkomslag sien ek al daar is fout.

Tannie Katrien vaar kruppel-kruppel die rakke binne, sonder om eens te groet, maar oudergewoonte stap oom Vollie darem na my lessenaar toe vir 'n oggendkoffie. Oom Vollie het 'n massiewe Rayban-donkerbril op sy gesig, een van daai oues wat die windgat vlieëners altyd dra.

Ek bestel koffie en waag dit om te vra: "Hoe dit met die operasie gegaan?"

"Operasie?" vra Oom Vollie effens in die war.

"Het oom nie katterakke laat uithaal nie?"

Uit ondervinding weet ek nou al dat as 'n ou mens in dié omgewing 'n donkerbril op het, beteken dit een van twee dinge: Of katterakke is verwyder, of in meer ernstige gevalle was daar dalk 'n lensoorplanting. Dominee kondig nie meer katterakke af vir die gebedslys nie en daar was niks van 'n lensoorplanting vir oom Vollie in die kerk se pamfletjie nie.

"Nee dis nie katterakke nie," sug oom Vollie terwyl hy sy donkerbril afhaal. Oom Vollie is gemoer, erg gemoer. Die een kant van sy gesig is in 'n knop geswel en die een oog is potblou. Bokant sy wenkbrou is 'n pleister vasgeplak.

"Was Oom weer by 'n Angus manne-aand?" vra ek.

Die oom beduie nee, ek weet mos nou al hy mag nie weer na een toe gaan nie. Nee, dis iets heel anders. Hulle praat nie eintlik daaroor nie, maar hy sal my maar vertel. Hy weet mos iets wat hy hier in die kafee vertel, bly konfidensieel en tref nie verdere ore nie.

**O**om Vollie vertel: Op haar ryke telling in lewensjare kry die tannie toe mos gesondheidsprobleme. Vroumensgoeters, hy weet nie presies wat nie. Hulle behandel die ding toe met hormone.

Spuit vir haar elke week in daar by die kliniek. Maar ek ken mos nou van hormone. Dit laat mens mos dinge vir gate soek en gate vir dinge soek wat mens nie voorheen gesoek het nie. In elk geval nie so erg nie. Maar die tannie se kop haak toe heel uit. Sy begin rokkies dra, ai die Vader weet, as daar net 'n ligte windie waai, sien mens haar naeltjering.

"Naeltjering?" onderbreek ek die oubaas verbaas.

"En die tattoe," sê Oom Vollie.

"Tattoe?" ek is nou meer verbaas, dié ding klink erg.

Amper asof hy met homself praat beduie oom Vollie na sy linkerbors en sê: "So 'n klein seuntjie wat teen 'n klip staan en pis."

Oom Vollie vertel verder, en dit klink meer of hy met selfberading besig is, as wat hy besig is om met my te praat. Ek kan sien die ding het kwaai aan die oom gevat.

Waar en wanneer die tannie die tattoe laat opsit het, weet die oom nie, maar hy was darem by met die naeltjering. Met die borsvergroting het hy sy voet neergesit.

Die storie bereik toe sy hoogtepunt so twee aande terug. Waar die tannie die polisie boeie gekry het, weet hy nie, maar toe hy weer sien sit hy op 'n eetkamerstoel met sy hande agter sy rug vasgeboei. En die tannie dans. Op die eetkamertafel.



Onaardig. Hormone moet 'n verskriklike ding wees. Die nagrokkie wat sy aanhet lyk soos daai slim koning in die storie se klere – PG Glass se moeder. Alles skud en dril soos die tannie tekere gaan. Die klein seuntjie pis die klip naderenhand heel mis soos sy haar bates swaai, maar die tannie dans.

Die oom dink die tannie wou seker maar haar voet suggestief bo-oor sy kop swaai, maar die ouderdom en voete swaai, loop mos nie altyd saam nie. Daai rooi hoëhakskoen tref vir hom so vol in die gesig dat sy hom heel omskop en dat hy en die stoel so saam dwars-dwars teen die kaggel gaan lê.

Die tannie self verloor haar balans en val haar desmoers van die eetkamertafel af. Daar lê hulle toe. Die oom kan nie roer nie, want hy is geboei en die stoel is in die kaggel vasgehaak. Die tannie kan nie roer nie, want sy het te seer en die eetkamertafel is bo-op haar.

"En toe, Oom?" vra ek nuuskierig.

"Nee jong ons kom toe eers die volgende oggend daar los, toe ou Solomon kom kyk wat van ons geword het. Hy wou toe dadelik bel, maar ek sê toe vir hom geen polieste nie. Solomon kry ons toe darem op 'n manier los en weer mobiel. Die boeie se ketting kon hy afsaag, maar nie die boeie self nie."

"Het die polieste vir Oom toe darem losgemaak?"

"Nee," sê die Oom terwyl hy sy arms met die staal om sy polse na my toe uitstrek.

"Jy het nie dalk 'n sleutel nie?"

## STAMBOOM (vervolg)

**PIETERSE** [erika.royalchem@gmail.com](mailto:erika.royalchem@gmail.com)

Ek het op die plaas verskeie grafte vanaf 1880 tot 1974 van Pieterse familie indien u soek kontak my. Plaas is in Skeerpoort o.a Barend Arendse Pieterse.

**ROOS** [baby@uromed.fichmed.co.za](mailto:baby@uromed.fichmed.co.za)

Op soek na die familiewapen van die Roos familie. Oupa grootjie Nicolas Johannes Roos (Petrussteyn) of Hendrik Antonie Michael Roos (Petrussteyn) Benodig vir 60ste verjaarsdag. Asseblief, dankie Elmarie

**SCHONFELDT** [masch53@telkomsa.net](mailto:masch53@telkomsa.net)

Wil graag meer uitvind oor voorgeslag. Vader; Wilhelm Carl, Oupa; Andries Stefanus

**STOFBERG** [marcstofberg@msn.com](mailto:marcstofberg@msn.com)

Our family name started in Holland and sailed all overseas. I would like to get in contact with my family all across the globe. Here at home I have our family tree. The information that I have goes back to 1480. And I'm still searching. Let me know.

**VAN DER MERWE** [swanepoeljacques@saps.org.za](mailto:swanepoeljacques@saps.org.za)

Ek is op soek na die voorgeslagte van Hendrik Johannes VAN DER MERWE \* 30/05/1931 + 27/08/1999. Asook N DER MERWE \* 30/05/1931 + 27/08/1999. Enige hulp sal waardeer word.

**VAN DER WESTHUIZEN** [olive.vanderwesthuizen@gmail.com](mailto:olive.vanderwesthuizen@gmail.com)

My nooiensvan was Hibbert ek sal graag meer inligting oor die twee vanne wil hê asook die wapens. My oorlede man was Phillippus Jacobus en ek is Olive Janette.

**VAN GASS** [cg40@mweb.co.za](mailto:cg40@mweb.co.za)

Ek vors die Van Gass familie na. Alle inligting - ook stories - sal baie welkom wees.

**VAN NIEKERK** [dirkvn@mweb.co.za](mailto:dirkvn@mweb.co.za)

Ek het die stamboom van Gerhardus Josua van Niekerk, maar ek soek na Isak Andries van Niekerk wat omtrent 1840 gebore was.

**VON BENECKE** [jwb@nokwi.co.za](mailto:jwb@nokwi.co.za)

Enige inligting oor die von Benecke en van der Schyff families sal baie welkom wees.

**VISSER** [alwyn.vis@absamail.co.za](mailto:alwyn.vis@absamail.co.za)

Familienavorsing: Visser

**WOLMARANS** [erika.royalchem@gmail.com](mailto:erika.royalchem@gmail.com)

Enige inligting oor FGH Wolmarans stamboom asseblief.

23 APRIL is wanneer jou volgende KAMMANUUS verskyn.